*Tema: 'n HD-DVD vir jou en my!*

*Skriflesing:Matt. 28: 16-20*

*Sake vir verdere oordenking na erediens*

1. Was die ontmoeting tussen God en jou vanoggend vir jou sinvol?

2. Is daar iets waartoe jy jou opnuut of vir die eerste keer wil verbind tov:
   - Jou persoonlike lewe?
   - Jou familie of vriende?
   - Dienswerk in Swartland Noord of in die breë Koninkryk?

3. Gaan deel dit met 'n persoon of persone

## NGK Swartland-Noord-Aktiwiteite/Projekte

**Vul asb. die aangehegde groen vorm in, indien dit op jou hart lê om betrokke te raak by Gemeente aktiwiteite en Projekte.**

**Ingevulde vorms kan in die kartonhouers geplaas word in die kerk. Baie dankie!**

***Kennisgewing: Mei Teebeurt: (Dirk Lategan se omgeegroep)***

***Almal word hartlik uitgenooi om na afloop van die erediens 'n lekker koppie tee in die Kelder te kom geniet.***

**NED GEREF GEMEENTE SWARTLAND-NOORD**

# AFKONDIGINGS

**WELKOM BY VANOGGEND SE EREDIENS!**

## 5 MEI 2013

**Tel nr: 022 482 1407 e-pos: admin@ngksn.co.za**
**webtuiste : www.ngswartlandnoord.co.za**

'n Lewe wat geheel en al deur God beheer word, is 'n lewe van geluk, innerlike vrede en gemoedsrus. Dit is, deur die verdienste van Jesus Christus, 'n bereikbare ideaal

***Program van die week***

**Vandag**
**Sinodale Bid- en Dankdag**
**09:30 Doopdiens: Ds George Prinsloo**
**Die doop word bedien aan baba Xander van Wyk, seuntjie van Ruan en Melissa van Wyk en Eldi Rust, dogtertjie van Douw en Louise Rust. Baie geluk! Ons verwelkom ook graag hul familie en vriende wat hierdie spesiale dag met hulle deel!**
Deuroffer: Gemeentebediening Plaaslik
**Kinderkerk en Kategese**
**18:30 Space (Tieners)**

**Dinsdag , 7 Mei 2013**
Mansbybelstudie 06:30

**Woensdag , 8 Mei 2013**
Biduur ACVV Dienssentrum 09:30
Sendingondersteuners 16:00
Kooroefening 18:00
**Emosioneel Volwasse Geloof Toerusting 19:00 in Kelder**

**Donderdag , 9 Mei 2013**
**Gesamentlike Hemelvaartdiens om 19:00 Noord Gemeente**
Deurkollekte: Barmhartigheid Plaaslik

**Vrydag , 10 Mei 2013**
Gebedsvriendinne 09:00

**Volgende Sondag , 12 Mei 2013**
**Pinkster begin**
**09:30 Gesamentlike erediens by Moedergemeente: Dr Wollie Grobler**
**Pinkster Diens 19:00 Ds Jan van Zyl Noordgemeente**
**Pinkster Diens 19:00 Dr Wollie Grobler Moedergemeente**

**Bybellees en kuier in Aandskemering**:

Daar is mense in die siekeboeë in Aandskemering wat nie meer self kan lees of selfs mobiel genoeg is om die uitsendings van dienste by te woon nie. Dit is ons voorreg om diegene te bedien deur hul in hul kamers te besoek, bloot 'n stukkie uit die bybel te lees en saam met hulle te kuier. Nog vrywilligers word dringend benodig. Ons kom elke Sondagmiddag om 17:30 by Aandskemering se voorkamer bymekaar. Sien jou vanaand. Verdere navrae kontak Jacobus by 0827771262

Enige voorstelle vir verbetering van Basaar vir die toekoms kan ingedien word by die

**Dissipelskap- en Diensgeleenthede**

**Soek:**
Klankman vir erediens
2 Kitaar spelers vir Begeleidingsgroep

Kinders met musiek talente vir die "Space" orkes.

# *Het jy geweet ...*

**Dankoffer inbetalings**

Vind u dit makliker om elektroniese oorbetalings te maak of per debietorder u maandelikse bydrae te gee.
Hier volg ons bankbesonderhede:
NG Kerk Swartland-Noord
Nedbank Malmesbury
Lopende rekening: 128 504 3421
Takkode: 154605

Diegene van u wat ekstra Bybels, Dagstukkieboeke of geestelike boeke het en dit wil skenk, kan dit by die kerkkantoor kom afgee.

Die doel daarvan is om dit vir dié wat nie het nie te skenk.

**Geopende Deure Fondsinsameling**

**Wanneer**: Woensdag, 22 Mei 2013
**Waar:** NG Kerk (Noord) se saal
**Tyd:** 10:00 – 12:00
**Donasie:** R100 pp
**RSVP:** 15 Mei 2013
**Besprekings**: Kerkkantore/Superfoto, De Bron Sentrum
**Kontakpersoon:** Nora Marais
082 826 1729

Kom geniet die oggend saam met Gerhard, Direkteur van Geopende Deure, Suid Afrika en sy vrou Janine Coetzee. Hulle gaan vertel wat tans wêreldwyd in die vervolgde kerke gebeur en ons inlig hoe mens op verskeie maniere by hierdie bediening betrokke kan raak.

**Basaar**

'n Baie GROOT dankie vir elkeen wat 'n bydrae tot die Basaar gelewer het d.m.v. werk, skenkings en ondersteuning.
Sonder julle kan die Basaar nie 'n sukses wees nie!!

Nogmaals baie dankie!

**Seniorbediening aktiwiteite Mei**

1. Ons volgende BINGO dag is DV Dinsdag, 14 Mei om 15:30 in die Kelder.

2. Uitstappie na Porterville op Donderdag, 23 Mei. Ons gaan kyk hoe vye en granate verwerk word. Bevestig asb. teen 14 Mei by die kerkkantoor sodat ons saamry geleenthede kan reël. Vertrektyd 08:30 vanaf die kerkterrein.

**Gelukwense:**

Baie geluk aan tannie Babs Jansen van Rensburg, Malanstraat 24A, wat die 10de Mei verjaar. Ons hoop dit is 'n geseënde dag en lewensjaar!

**Kom ons doen voorbidding vir ......**

Oom Kaspaas Louw, Dr Euvrardstraat 85, wat toetse ondergaan het.

Susan Cotter, Duthiestraat 41, wat toetse ondergaan het.

Elkeen wat siek is en ook vir diegene wat deur 'n moeilike tyd gaan.

**Pinkster 2013**
**Neem asb kennis**

Gesamentlike Hemelvaartdiens op Donderdag, 9 Mei om 19:00 by Noordgemeente, gelei deur ds. Jacobus Snyders
Deurkollekte: Barmhartigheid Plaaslik ( Daar sal ook 'n diens by Aandskemering om 09:30 plaasvind, gelei deur ds Friedrich Claassen)

Sondagoggend, 12 Mei (Pinkster begin) Gesamentlike diens by Moedergemeente om 09:30 gelei deur dr Wollie Grobler
Tema: Foto's en winkelvensters-Beeld van God

Vanaf Sondagaand, 12 Mei tot Vrydag, 17 Mei gaan dr Wollie Grobler die Tradisionele Pinkster lei by Moedergemeente

Vanaf Sondagaand, 12 Mei tot Donderdag, 16 Mei gaan ds Jan van Zyl die Jeug Pinkster lei by Noordgemeente
Tema: vir Jeug Pinksterreeks is "Familie is 'n werkwoord".

Sondag, 19 Mei, om 09:30 Gesamentlike Familie Pinksterfees by Moedergemeente

Neem asb. kennis dat daar geen kategese of kinderkerk vir die volgende 2 Sondae gaan wees nie. Kinders en ouers kan Pinkster saam bywoon.

**KENNISGEWING:**

Kennisgewings vir afkondigings sluit op Donderdagoggend om 10:00
Die koster is met verlof vanaf 9 tot 12 Mei

***Belangrike Kontak Nommers***
*Ds George Prinsloo*
*Huis 482-3664*
*Kantoor 482-4600*
*( 08:30 tot 12:30)*
*Sel / 083 447 6166*
*Ds Jan Steyn Huis 487-2763*
*Sel / 082 872 4314*
***Pastorale Berader:***
*Theresa van Vreden*
*083 310 3823*